

Hoofstuk 4 – Alternatiewe diskoerse

1 Voorveronderstelling

“Poor Alice! It was as much as she could do, lying down on one side, to look through into the garden with one eye; but to get through was more hopeless than ever: She sat down and began to cry again. ‘You ought to be ashamed of yourself,’ said Alice, ‘a great girl like you,’ (she might well say this), ‘to go on crying in this way! Stop this moment, I tell you!’ But she went on all the same, shedding gallons of tears, until there was a large pool all round her, about four inches deep and reaching half down the hall. Alice felt so desperate that she was ready to ask help of any one; so, when the Rabbit came near her, she began, in a low, timid voice, ‘If you please, sir--’ The Rabbit started violently, dropped the white kid gloves and the fan, and skurried away into the darkness as hard as he could go” (Carrol, 1999).

Die verhaal van Alice laat my wonder oor die manier waarop ons reageer as ons nie mense kan help nie. Dit raak vir my duidelik dat ‘n eensydige benadering nie ‘n oplossing is nie. Die haas in die Alice-storie is geïnteresseerd in sy volgende afspraak, en kyk Alice se hartseer mis. ‘n Eensydige pastorale model laat my aan die haas dink, op sy eie missie, besig met eie agendas en voorveronderstellinge.

Gerkin (1997:12) nooi lesers in die begin van die boek **An Introduction to Pastoral Care** uit om eers tot stilstand te kom, en na te dink oor 'n persoonlike belewenis van pastorale werk. Ek wil hierby aansluit en vra: “Wat bring jy as leser saam?” Die vrae van Gerkin (1997:12) gaan verder: “Wat is jou ervaring van pastorale sorg, toe jy versorg is, of toe jy ander versorg het?” Ek wil hierop uitbrei en vra: “Wat is die leemtes in pastorale sorg?”

Jy het dalk ook ander boeke oor die onderwerp van genesing of siekte gelees, of selfs ander mense oor die onderwerp hoor praat. Al hierdie belewenisse en voorveronderstellings bring jy as leser saam. Soos Gerkin (1997:13) voorstel:

"Allow these memories and ideas to interact freely with what you read so that your reading may evoke interplay between what you bring to the reading and what you find in the book. Thus, in your imaginative play, you as reader and I as author may converse".

In hierdie hoofstuk stel ek die huidige diskoerse en metafore van pastoraat. In hoofstuk drie het ek uitgebrei op die temas van die verhale in hoofstuk twee.

2 Pastoraat

As you ought not to attempt to cure the eyes without the head, or the head without the body, so neither ought you to attempt to cure the body without the soul...for the part can never be well unless the whole is well...And therefore, if the head and body are to be well, you must begin by curing the soul - Plato

Wat maak pastorale terapie uniek? Wat maak terapie pastorale terapie? (VanKatwyk, 1997:283). Hierdie vraag waarmee VanKatwyk (1997:283) worstel, laat my wonder of pastorale terapie werklik anders as ander terapie is. Is pastorale terapie se hoofdoel steeds om 'n helende uitwerking op die mens te hê?

In die vroeë kerk het die klem op die genesing van die totale persoon geval. Dit was veral as die werk van die pastorale versorger beskou (VanKatwyk, 1997:283). Later het die eenheid van die liggaam en siel stadig, maar seker, van

mekaar begin wegdryf. Die liggaam is as die refleksie van die teenswoordige wêreld beskou, en die siel as die refleksie van die ewige, nuwe wêreld wat nog moes kom (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:59). Die begrip van genesing was op die genesing van die siel toegespits. Met die modernistiese, mediese beskouing, is die eenheid van die liggaam en siel nog verder van mekaar verwyder. Die klem het op die spesialisering van die fisieke liggaam, en die realiteit daarvan, begin val

Die mediese model het met woorde soos diagnose en behandeling begin werk. Huidige konstruktivistiese en narratiewe modelle gaan verby die liniêre manier van dink, en werk eerder met woorde soos sirkulêre en sosiale konstruksionisme. Die literatuur van pastorale sorg toon aan dat daar 'n groeiende bewuswording daarvan is dat heling makliker in gesinne plaasvind waar liefde, vergifnis, regverdigheid en hereniging heers (VanKatwyk, 1997:284).

Clinebell (1984:113) gebruik die metafoer van *spiritual guide*. Dit is 'n baie ryk metafoer wat iets van die mistieke kommunikeer. Baie kulture en godsdienste beskou die innerlike wêreld as belangrik. Hier dink 'n mens aan die shaman in primitiewe kulture, die guru in Hindoeïsme, en die geestelike leiers in die antieke Judaïsme, byvoorbeeld profete, priesters, wyse manne en vroue. Dit is ook in die Katolieke en die Anglikaanse tradisies te vinde. Binne Protestantse kringe is daar onlangs vir die eerste keer oor hierdie metafoer gepraat, uit vrees dat die plek van Christus as Middelaar skipbreuk sou ly. Die pastor as *spiritual guide* moet besef dat die mens nie net geestelik is nie, maar ook uit fisiese, sielkundige, interpersoonlike, ekologiese en institusionele fasette bestaan. Gerkin (1997:113) kies die “interpreterende gids”-metafoer. Hiermee word die volgende bedoel:

“...each era of pastoral care’s history was seen as emphasizing one or another of the four pastoral functions that have commonly been designated healing, guiding, sustaining and reconciling.

The particular emphasis of a given era...was seen as an outgrowth of what was going on in the church and the society at the time...By interpretive guidance I mean not simply interpretation of the Christian tradition and its implications for communal, moral, individual and societal life...I mean also the role of interpreting the conflicts and pressures, the contradictions and pitfalls, the lures and tendencies toward fragmentation of contemporary life...In short, I mean the role of interpretive guidance as it relates to facilitating the dialogical process between life stories and the Christian story of how live is to be lived” (Gerkin, 1997:114).

Die pastorale berader kan nie anders as om te verstaan, en vanuit die konteks van die Skrif as vertrekpunt te funksioneer nie. *"For the Christian healer/therapist, the story of God's people is the primary context for understanding the meaning of a healing culture"* (Dueck, 1987:245). Gerkin (1997:23) stel dit duidelik dat die Bybel ons betroubaarste bron oor pastorale versorging is. God vorm deel van die mens se verstaansproses. Iewers in die proses word elke mens met die vraag wie of wat God vir jou is, gekonfronteer (Müller, 1996:26).

Clinebell (1984:103) gebruik ook die *Facilitating Spiritual Wholeness*-metafoer. Om die metafoer beter te verstaan, moet elke pastor besef dat hy 'n eie verhaal, en 'n eie stem het oor wat heling inderwaarheid beteken. Daarom wil ek graag hier op die pastor se rol binne die sosiale konstruksies van heling fokus. Die pastor word deur gemeentes as die een beskou wat genesing in hul lewe kan fasiliteer (Clinebell, 1984:103). Hierdie betrokkenheid is deur die verskillende lewensiklusse van mense in 'n gegewe omgewing of gemeente.

Ram (1995:7) het geworstel met die vraag: Wat is heling? In sy lewensverhaal was dit nie altyd vir hom duidelik wanneer dit tyd was om geestelik te werk te gaan, en wanneer die mense waarmee hy gewerk het, bloot objekte voor hom was, wie se liggame behandel moes word nie. As psigiater het

hy die behoefte gehad om die mense ook geestelik by te staan, en iets vir hulle te beteken. Later in sy lewe het hy hierdie dilemma uitsorteer, en is die twee konflikte verenig. Hy het toenemend bewus geword van sy Christenskap, en sy professionele beroep as sodanig beoefen.

Uit hierdie verhaal kan ons vra: Hoeveel van die pastorale terapeute is werklik bereid om hulle verhale oor heling te vertel? (Hier word na lewens-, en nie teoretiese verhale nie, verwys.) Is daar nog terapeute wat met die konflik of kreatiewe spanning tussen beroep en persoonlike geloof worstel? McGarry (1996:160) beskryf hierdie proses as 'n *inner journey*.

Die pastor moet 'n selfreflekerende vraag vra: "*Can I be an effective minister or helper without such an inner journey? Can I love freely and effectively as a partner in any kind of committed relationship without choosing that process?*" (McGarry, 1996:160). Heitink (1999:323) onderstreep die belangrikheid van die geestelike lewe van die pastor met die term **professionele gelowige**, wat ook moeilike tye kan beleef, net soos ander mense. Dink byvoorbeeld aan die eindelose gebede wat 'n pastor in 'n week moet bid, en die uitwerking hiervan op hom. Dit kan maklik 'n wonderlike werk in 'n las verander.

'n Verdere aspek wat negatief op die geestelike lewe van die pastor inwerk, is die feit dat die gemeenskap so baie van hom verwag. Hierdie verwagting is dikwels onrealisties, en uiters frustrerend. Is die pastor werklik 'n gids wat mense kan help om hulle lewensroeping te verstaan? Hoeveel pastors worstel met die vraag wat hulle eie lewensroeping is? Hoeveel pastors verstaan werklik wat God se Woord oor genesing leer, en hoeveel pas dit werklik toe? Hoe kan 'n pastor werklik iets vir 'n gemeenskap beteken, as hyself nie antwoorde op bogenoemde vrae het nie?

Die stem van Gerkin (1997:53) wil ons waarsku dat daar nie te veel op die mens en sy ontwikkeling gefokus moet word nie, omdat dit juis een van die

eienskappe van die mens van die twintigste eeu is. Dit het egter 'n positiewe kant, want die ontwikkelinge binne die sielkunde het 'n hernude belangstelling in heling binne pastoraat losgemaak (Gerkin, 1997:55).

Ten spyte van die pogings om heling te verstaan, bly dit steeds 'n misterie. Die fokus moet van die bestudering van helingstegnieke, na die verstaan van heling verskuif. Die vraag is nie wat ons moet doen om heling te fasiliteer nie, maar eerder wat oor die natuur van God, mense en siekte geopenbaar word.

Ek sluit by Pattison (1985:15) aan wat meer geïnteresseerd is in dit wat ons van God kan leer, as watter helingstegnieke ons kan aanleer en toepas. Daar is vandag baie boeke wat oor die genesingstegniek handel (Wright, 2000; Hunter, 2001; Sherwood, 2000). Al hierdie boeke wil inligting op so 'n manier oordra dat die gelowige daarna, met die nuwe inligting, model en gebede, mense in die naam van Jesus gesond sal kan maak. Dit beklemtoon weer die ongesonde fokus op die mens.

Dan is daar egter diegene wat reëls vir genesing neerlê. Murray (1955:ix) plaas wel die fokus op God, maar kom nie weg van die idee dat sonde die oorsaak van siekte is nie. In Hunter en Hunter (2001:9) word daar nie 'n hoofstuk aan die rol van die Bybel gewy nie, en nêrens word aan die werklike behoefte van die mens aandag gegee nie. Aan die begin word 'n bedankingsbrief aan die mediese personeel, wat by die genesingsproses betrokke was, gerig. Dit word deur hoofstukke gevolg wat oor die soewereiniteit van God, hoe jy deur God aangeraak word, hoe jy onder die krag van God val, en die gawes van die Gees, handel. Lyste met siektes word verskaf, asook hoe elke siekte in die Naam van Jesus weggebied kan word.

'n Volgende voorbeeld is Sherwood (2000:2) wat op die oordrag van energie vanaf die geneser na die sieke fokus. Dieselfde vind by Demartini (1998) plaas, wat die fokus op die mens laat val, asook die handeling wat uitgevoer moet

word om die siektetoestand in genesing om te skakel.

Cooper (1996) verduidelik in haar boek *A Little light on Angels*, dat kennis van die engelewêreld tot genesing kan meewerk. Sy brei uit op die waarneming van engele, kleuronderskeidings, erkenning van 'n beskermengel, en die rol daarvan in genesing. Walsch (1995:49) beweer dat hy gesprekke met God gehad het, waarin hy aan God gesê het: “Maar selfs Jesus het die siekes gesond gemaak. Hoekom sou Hy hulle genees het, as hulle toestand so volmaak was?” Die god met wie hy gepraat het, het geantwoord: “Jesus het nie mense gesond gemaak, omdat Hy hul toestand as onvolmaak beskou het nie, maar omdat Hy siele gesien het wat, as deel van hulle ontwikkeling, om genesing gevra het. Hy het die volmaaktheid van die proses gesien. Hy het die siel se voornemens erken en verstaan.”

Marais (1997:36) waarsku dat sekere diskoerse byvoorbeeld die foutiewe verstaan van musiek, emosie, hipnose en suggestie, vermy moet word.

Die term **sielsorg** is 'n voorbeeld van 'n huidige diskoers oor pastoraat. Kan heling binne die konsep van sielsorg verstaan word? Heling sluit die hele mens in, terwyl sielsorg nog 'n voorbeeld is van hoe die mens in kleiner eenhede vir behandeling opgedeel word. Ek steun die aanhaling van Plato, dat 'n gedeelte van die menslike liggaam nooit heel gaan wees, as die hele liggaam nie heling ervaar nie. Sielsorg kom van die Nederlandse woord *zielzorg* (Baart, 2004; Bolkenstein, 1968, Capps, 1997:139; Heitink, 1998; Wurth, 1955).

Onder pastoraat verstaan ons die versorging (*zielzorg*) van 'n kudde deur 'n herder, wat die prediking, die bediening van die sakramente, en die individuele versorging van lidmate, insluit (Bolkestein et al., 1968:181). Onder *zielzorg* word ook die hulp en bystand aan die siel inbegryp (Wurth, 1955:7). Gerkin (1997:23-27) verleen verdere dimensie aan waar die diskoers oor sorg vandaan kom. Ek bespreek kortliks die siening van Gerkin (1997:23-27).

God het altyd leiers aangewys om Sy volk te lei en versorg. Die eerste leier waarna verwys word, is die priesters wat vir die aanbidding en seremoniële lewe van die volk verantwoordelik was. Die profete het namens God oor morele sake gepraat, en aan die volk en politieke leiers gesê wat hulle moes doen. Derdens was dit die wyse manne en vroue wat die versorging waargeneem het, en 'n voorbeeldige lewe gelei het. Dikwels was daar kompetisie tussen die drie klasse versorgers. Daar was byvoorbeeld tye toe die profete (Amos, Jesaja en Jeremia) die stemme was wat pastorale leierskap vir die volk gebied het. Die vraag wat Gerkin (1997:25) hieroor vra, is korrek:

“Why you may ask then, have pastoral care givers recently focused primarily on individual guidance, grounded in the Wisdom tradition, as the principal mode of pastoral care...Why have the ancestral claims of the priestly and prophetic roles been relegated to a secondary place or given over to other functions of ministry?”

Dis is nodig om versorging aan die Christelike gemeenskap te bied. Dit sluit die versorging van die lewe en die geloof van 'n gemeenskap in, wat dan laastens op die versorging van die individu uitloop (Gerkin, 1997:25). Christus het Homself met die goeie Herder-metafoor geïdentifiseer (Gerkin, 1997:27). Die metafoor van die goeie Herder sluit die wysheidsversorging, gelykenisse en die bergrede, die priesterlike rol van Sy volgelinge, asook die profetiese rol by die reiniging van die tempel, in.

Baart (2004:16) gaan verder met die betekenis van sielsorg, en stel 'n meer holistiese begrip daarvan voor. Versorging is 'n alledaagse aktiwiteit, wat 'n breë raamwerk van aktiwiteite insluit, en nie net die werk van spesialiste, vrouens en volwassenes omvat nie. Dit het te make met meer as die hantering van probleme. Heitink (1977:15) kies hulpverlening as uitgangspunt, wat veral met bipolariteit te make het. Onder bipolariteit bedoel Heitink (1977:15): “...om te

beginnen, dat pastoraat met andere vorme van hulpverlening een aantal gemeen heeft, maar anderzijds – en dat geldt in gelijke mate voor andere vorme – ook een eigen karakter bezit.”

In die grondstruktuur van die pastoraat, naamlik in die bipolariteit, gaan dit telkens om die wisselwerking tussen die volgende pole (Roussouw, 1983:15-16):

God – mens
subjek – objek
algemene openbaring – besondere openbaring
teologie – psigologie
pastoraat – ander vorme van hulpverlening
teorie – praktyk
woord – daad

Bipolariteit handel oor die twee pole wat in spanningsvolle relasie tot mekaar staan, maar wat nie sonder mekaar kan bestaan nie (Roussouw, 1983:16). In die navorsing is daar ook van bipolariteit sprake:

siekte – heling
genesing – heling
huidige diskoerse – alternatiewe diskoerse
mediese diskoers – pastorale diskoers
wetenskaplike diskoers – niewetenskaplike diskoers

Hierdie wisselwerking kom in die geskiedenis tot openbaring waar God met die mens omgaan, en waar dit op die vernuwing van die mens en die wêreld uitloop (Heitink, 1977:15). Ek sien vernuwing hier as unieke uitkoms. Heitink (1998:14) toon aan dat *zorg* tans die begrip is waaruit pastoraat verstaan word, en wys daarop dat hulpverlening dit voorafgegaan het. Heitink (1998:14) se verstaan van sorg is wyer as die versorging van siele, en toon aan dat dit kerklike en maatskaplike faktore insluit.

Pattison (1989:19) ondersoek metodes wat by die verstaan van heling ingesluit kan word. Watter alternatiewe moet dus in die pastorale situasie oorweeg word? Die rol van niefwetenskaplike metodes van heling moet ook nie onderskat word nie (Morris, 1998:5).

3 Alternatiewe diskoerse

Siekte en genesing is soos tekste, elkeen met 'n betekenis binne die werklikheid waar dit gebruik word. Tekste is grafiese merkers. Dit dien eerder as 'n leidraad oor **wie** die teks opgestel het, as **waaroor** die teks opgestel is (Spivey in Steffe & Gayle, 1995:313). Die rolspelers is geneig om hierdie teks te lees, te interpreteer en vanuit 'n subjektiewe ervaring daaraan betekenis te gee. Ek sluit myself ook hierby in. Dit is belangrik om in die gesprek oor alternatiewe van die groot verskeidenheid benaderinge kennis te neem. Dít moet teen die breë sosiale en kulturele konteks waarbinne dit afspeel, gesien word (Pattison, 1989:34).

In hierdie hoofstuk is die volgende voorveronderstellings in pastoraat gehoor:

- 1 Die genesing van die siel
- 2 Mediese diagnose as vertrekpunt
- 3 *Spiritual Guide*
- 4 Die Bybel as die betroubaarste bron
- 5 *Spiritual wholeness*
- 6 Heling en die rol van God
- 7 Die herstel van die mens
- 8 Beskikbare oplossings en reëls
- 9 Eensydig en oppervlakkige oplossings en gebruike
- 10 Sielsorg

Die postmoderne benadering het 'n gevoel van wantroue oor hierdie tekste. Die wantroue het te make met dié tekste wat beraders uitgenooi het om in terme van patologie en diagnose te dink. Dié tekste handel oor diagnose, en die etikettering van mense om die wondermiddel of raad as teenvoeter vir die diagnose aan te bied (JOS, 2002:3). Dié tekste nooi terapeute uit om die regte antwoord te gee, wat veroorsaak dat terapeute eerder met die invul van meervoudigekeusevrae besig is, as om werklik na die siek persoon se belewenis, klagtes en vrae te luister (Freedman & Combs, 1996:43). 'n Verdere rede vir wantroue is die gebrek aan dialoog tussen pastoraal en alternatiewe benaderinge (Sutherland in Woodward & Pattison, 2000:273).

Die besigheid van gesondheidsorg is "besig om uit besigheid te raak". Dit sal meer korrek wees om van *disease care* as *health care* te praat (Holford, 1997:2). Holford (1997:3) stel voor dat die mens nie meer as 'n masjien gesien moet word, en siekte as 'n *spanner in the works* wat deur medisyne of 'n operasie verwyder moet word nie. Schlauch (In Woodward & Pattison, 2000:209) stel voor dat daar alternatiewe gesoek moet word op die huidige sisteem van teorie en praktyk van sorg. Die soeke na alternatiewe is 'n delikate proses, want alternatiewe benaderinge word soms te maklik afgewys as okkulties (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:68). Parson (1986:155-157) sluit hierby aan en stel 'n holistiese teologie voor wat in gesprek gaan met ander ideologieë sonder veroordeling.

Terwyl professionele persone probeer om God te speel, en deur medisyne en geestelike reëls in te gryp, het daar 'n nuwe benadering op die horison verskyn: die mens as totaliteit. Die mens vorm een eenheid (Heitink in Heitink & Veenhof, 1990:72) en kan daarom nie in kleiner eenhede verdeel word nie. Die soeke na alternatiewe benaderings oor heling, bring mee dat daar 'n herkonstruering van denke moet plaasvind (Thomas, 2000:3). Die alternatiewe

diskoerse gee uitdrukking aan die nuwe manier waarop daar oor mense gedink word. Navorsing toon aan dat meer en meer mense gebruik maak van alternatiewe metodes (van Dijk in Heitink & Veenhof, 1990:83).

Morris (1998:3) vertel die verhaal van Black Elk, 'n negejarige Indiaanseun wat dodelik siek was. Sy arms, bene en gesig was erg geswel. Hy kon nie loop nie. Vir twaalf dae het hy bewegingloos op sy rug gelê, soos iemand wat reeds dood was.

Hy het in sy ouers se hut gelê, en kon deur 'n gaatjie in die dak na die hemel kyk. Hy het twee mans, met hulle koppe eerste, soos 'n pyl uit die hemel sien afkom. Die twee mans het hom uitgenooi om saam met hulle te gaan, omdat sy voorouers vir hom gewag het. Hy het saam met hulle gegaan, maar dit was vir hom moeilik om sy ouers agter te laat.

Met die hulp van die "medisyneman" van die stam, kon Black Elk ten volle genees, en het hy sy doodservaring oorleef. Hy het self 'n "medisyneman" geword, en jare later dikwels na sy siekbed verwys. Hy het gesê: "Dit is nie my kennis as medisyneman wat mense genees nie, maar die visie wat ek as jong seun gekry het." In vandag se terme is die storie van Black Elk net een van agterdog.

Morris (1998:5) skryf dat die wêreld nog voel-voel op pad is na 'n nog onsekerder verstaan van siekte en heling. Niewetenskaplike dissiplines, soos in die storie van Black Elk, speel 'n groter rol. Ek sluit voorts verhale hier in om die alternatiewe diskoers van heling te belig. Ek bespreek elke diskoers kortliks, om die kern daarvan weer te gee. In aansluiting by Morris (1998:5) is die vraag inderdaad wat die rol van die alternatiewe dissiplines is, en waarom die dissiplines so onderbenut word.

Temas wat uit hoofstuk twee en drie na hoofstuk vier oorvloei, is

homeopatie, spontane genesing, Goddelike genesing en natuurlike hulpmiddels, soos voedselaanvullers en kruie.

3.1 Die storie van 'n homeopaat

3.1.1 Waarom ek die verhaal insluit

As kind het ek die eerste keer met 'n homeopaat te doen gekry toe my broer met 'n ooraktiewe sweetklier gesukkel het. Hy het baie mediese dokters gespreek, maar die behandeling was telkens onsuksesvol. My ouers het hom na 'n homeopaat geneem, waarna hy spoedig beterskap getoon het.

Die storie van die homeopaat is 'n alternatiewe stem wat ek graag as deel van die ander stories wil insluit. Corrie is 'n bekende homeopaat in haar omgewing, met baie suksesverhale.

3.1.2 A Philosophy of Healing

In order to discuss any healing modality a definition of health is required. Health is not simply an absence of symptoms or complaints. Health or becoming healthy is a fluid state, a continuum, and a life process towards the achievement of wholeness, balance and completion. A state of health or wholeness ensues when the multifarious bodily functions are working harmoniously together. Harmony is balance, growth in all aspects, mental, physical and emotional. Illness is the abandonment or diversion from harmony or imbalance. This imbalance or dis-ease eventually manifests itself physically. The manifestation of symptoms may be many and various yet they are all expressions of one and the same dis-ease, which originated from a lack of harmony in that individual's consciousness.

Our vital body has the ability and predisposition to continually heal itself. Symptoms are the indication of the restorative attempt and are not the illness

itself but the expression that something is 'amiss' and requires attention.

Homoeopathic philosophy has the empiricist and Vitalistic view. The body has an innate, albeit unconscious rebalancing ability. Homoeopaths use the particular and the individual expression of dis-ease to guide them in the selection of a remedy. The particular remedy then stimulates the system in the same direction toward harmony.

The primary principle of homoeopathy is based on the law of similars. i.e. the symptom complex of an individual dis-ease will be healed by the substance that induces similar symptoms when administered to a healthy subject. Substances are tested in experiments called proving. During proving substances are administered to healthy subjects thus determining the pattern of symptoms a particular substance has the ability to produce.

There are over 3000 proven substances. The homeopath's science is to match the substance that expresses symptoms in the most similar manner to that of the patient's peculiar expression of dis-ease. This substance called the simillimum, is then administered in a highly dilute and potentised form. This ensures the patient has no aggravating effects and receives minimal stimulus required to catalyse his system to restore balance.

Samuel Hahnemann, the founder of homeopathy, in his Organon of Medicine states: "The highest ideal of cure is rapid, gentle and permanent restoration of health, or removal and annihilation of disease in its whole extent, in the shortest most reliable and most harmless way according to clearly comprehensible principles".

3.1.3 Wat het ek gehoor?

- Gesondheid moet in terme van 'n lewensproses, wat na balans,

heelheid en harmonie strewe, gedefinieer word.

- Die opskrif *A Philosophy of healing* tref my.
- Die mens het potensiaal om self te genees.
- Daar moet harmonie tussen 'n mens se denke, emosies en fisiese liggaam wees.
- Wanneer daar 'n ongebalanseerdheid in die menslike sisteem is, manifesteer dit in fisiese simptome.
- Die menslike liggaam het die vermoë om self te genees.

3.2 Die verhaal van Caroline Myss (1996)

3.2.1 Waarom ek die verhaal insluit

Ek sluit die verhaal in, omdat die tema uit hoofstuk twee voortvloei. Hoewel ek nie met alles saamstem wat Caroline Myss aanbeveel nie, is dit steeds nodig om haar diskoers hier te laat hoor. Ek ken die verhaal uit haar boek *Anatomy of the Spirit*, waarin sy 'n uiteensetting gee van die wyse waarop siekte beskou moet word, asook die manier van dink wat tot die genesing van die siekte kan bydra.

3.2.2 Wat die verhaal sê

Met baie van die feite in Caroline Myss se verhaal stem ek nie heeltemal saam nie. Tog glo ek dat haar stem nodig is, want hierin lê iets van heling, en die sosiale konstruksie daarvan opgesluit. In *Anatomy of the Spirit* integreer sy die Judaïsme, die Christendom, die Hindoeïsme en die Boeddhistiese konsepte van *power* in universeel geestelike waarhede. Die essensie van haar verhaal is dat die Godheid, soos dit in die vier grootste godsdienste beskryf word, binne die mens opgesluit is. Hierdie verhaal vertel ook iets van die essensie van alternatiewe terapie (Myss, 1996:xiii). Een van die belangrike oogmerke van die verhaal, is om veral selfheling by mense aan te wakker, en om in die belewenis

van heling te deel.

3.2.3 Haar eie verhaal

Caroline Myss se betrokkenheid by genesing het in 1982 begin toe sy uit die joernalistiek bedank het, en sy haar meestersgraad in die teologie voltooi het. Sy het by die publikasie van boeke oor alternatiewe genesingsmetodes betrokke geraak. Haar hoofdoel was geensins om enige genesers te ontmoet nie, maar bloot om die boeke te publiseer. Haar lewenswyse was baie ongesond, wat in kontras met haar daaglikse taak was.

Alles het begin toe sy besef het dat sy oor inligting van mense se siektetoestande beskik, hoewel sy nie die mense geken het nie. Iemand kon byvoorbeeld net 'n sieke se naam noem, en Caroline sou in haar gedagtes insig oor die siektetoestand verkry. Hierdie insig het met die werklike siektetoestand ooreengestem. Die nuus het vinnig versprei, en mense het uit die gemeenskap begin skakel om antwoorde op hulle siektetoestande te verkry. Dit het 'n krisis in haar eie lewe veroorsaak, omdat sy met vroeë begin worstel het.

“Will it work this time? What if no impressions show up? What if I’m wrong about something? What if I tell someone they are healthy, only to learn later that she’s had a terminal diagnoses? And above all, what’s a journalist-theological-student-turned-publisher doing in this borderline occupation in the first place?” (Myss, 1996:2)

Dit het baie vroeë en onsekerhede in haar laat ontstaan, maar ten spyte daarvan het sy volgehou om mense se gesondheid te evalueer. Eers het sy net die onmiddellike siekte, en die psigiese uitwerking daarvan op die sieke waargeneem. Sy kon die energie rondom die mense, en hulle geskiedenis, sien. Sy het by verskeie mediese spesialiste betrokke geraak, en as konsultant opgetree.

“I began to realize something I had never been taught in school: that our spirit is very much a part of our daily lives; it embodies our thoughts and emotions; and it records every one of them, from the most mundane to the visionary” (Myss, 1996:3).

Sedert 1983 werk sy vanuit haar intuïsie om mense te help om hul emosionele, psigologiese en geestelike energie te verstaan, en veral wat die oorsaak van siekte is. Volgens Caroline weet die meeste mense wanneer hul lewe nie heeltemal gebalanseerd is nie, of as iets verkeerd is. Hierdie bewustheid van mense het spontaan in haar ontstaan. Sy beleef egter onsekerheid om te weet watter siektes mense het, en wat die oorsaak van die siekte is.

3.2.4 Haar genesingsverhaal

“This introduction to medical intuition is the summation of my fourteen years of research into anatomy and intuition, body and mind, spirit and power.” (Myss, 1996:7). Die taal van energie kom baie sterk in haar verhaal na vore. Die taal van energie gee insig in wat die liggaam sterk maak. Dit gee ook insig in wat die mens swak maak, waar energie verloor word, en hoe die proses van energieverlies gestop kan word. Haar verhaal van genesing hou met die hoofgodsdienste verband. Sy het ontwikkeling beleef, en is in haar lewe met siekte gekonfronteer. Daardeur het haar belangstelling en intuïsie ontwikkel, en haar teorie ontstaan.

Die mens is omring deur 'n energieveld, wat inligting bevat. Dit is hierdie inligting wat Caroline kan lees en interpreteer. Gebeurtenisse wat emosionele energie bevat, word in die energiesisteem geberg. Hierdie emosionele gebeurtenisse sluit verhoudings van die verlede en die hede, traumatiese belewenisse, geloofstelsels en gesindhede in. Die emosies oor hierdie

gebeurtenisse word in ons biologiese sisteem opgeneem, wat beteken dat dit deel van ons liggaam se selsamestelling word, en wat weer energie genereer. Hierdie indrukke op die liggaam vorm 'n taal wat letterlik en simbolies verstaan kan word. Enige persoon kan volgens Caroline, die energie se boodskappe lees, dit moet net verstaan en ingeoefen word.

“As dr. Pert said on Bill Moyers’s Healing and the mind, ‘Clearly, there’s another form of energy that we have not yet understood. For example, there’s a form of energy that appears to leave the body when the body dies...Your mind is in every cell of your body’. Moyers:...Your’e saying that my emotions are stored in my body?’ Pert:’Absolutely. You did’nt realize that?...There are many phenomena that we can’t explain without going into energy” (Myss, 1996:35).

Hierdie energie bevat inligting oor kinderervarings, vooroordele, persoonlike gewoontes, gedragspatrone, morele standpunte, asook musiek- en sangvoorkeure. Die inligting kan ook simbolies wees. Caroline vertel die verhaaltjie van 'n man wat haar kom spreek het, omdat hy met asemhalingsprobleme gesukkel het. Een beeld het heeltyd in haar gedagtes gevorm, naamlik 'n man wat voor 'n vuurpeloton gestaan het, en deur die hart geskiet word. Dit het nie werklik met die man gebeur nie, maar hy het baie mediese toetse ondergaan. Geen dokter of toets kon die oorsaak van sy asemhalingprobleem vasstel nie.

Caroline het die man van haar gedagtebeeld vertel. Hy het daarop reageer deur te vertel hoe sy vrou hom verskeie kere verkul het, en dit vir hom gevoel het of hy deur sy hart geskiet word. Deur hierdie erkenning van sy emosies, kon hy sy huweliks-, sowel as sy gesondheidsprobleem die hoof bied.

Hierdie verhaaltjie maak dit duidelik dat emosionele energie deur 'n komplekse proses op die mens se fisiese toestand geprojekteer word. Elke

orgaan in die menslike liggaam besit die kapasiteit om emosionele en psigologiese energie te absorbeer. Elke orgaan het 'n frekwensie waarvolgens dit vibreer, en sodra die frekwensie verander, dui dit op 'n siektetoestand en die oorsaak daarvan. Een van die onsekerhede wat deur Caroline erken word, is die wyse waarop sy die inligting bekom. Wat wel belangrik is, is dat sy intuïsie as 'n oorlewingsmeganisme, wat in elke mens aanwesig is, erken. Sy werk hoofsaaklik met drie belangrike beginsels:

- 1 *Biography becomes biology.*
- 2 *Personal power is necessary for health.*
- 3 *You alone can help to heal yourself.*

3.2.4.1 *Biography becomes biology*

“According to energy medicine, we are all living history books. Our bodies contain our histories-every chapter, line, and verse of every event and relationship in our lives. As our lives unfold, our biological health becomes a living, breathing biographical statement that conveys our strengths, weaknesses, hopes and fears” (Myss, 1996:40).

Elke gedagte van die mens, gaan ook deur die mens se biologiese sisteem, en aktiveer 'n spesifieke, fisiologiese respons. Sommige gedagtes se uitwerking op die menslike liggaam, is baie intens. Vrees aktiveer byvoorbeeld elke orgaan van die liggaam. Vrees affekteer 'n mens se maag en hart, en sweet kan op die vel uitslaan. Baie gedagtes is betekenisloos, en het nie 'n uitwerking op die menslike sisteem nie. Die gedagtes wat die meeste skade aanrig, is die gedagtes wat op onbewustelike vlak ervaar word, en wat 'n invloed op die mens uitoefen. Alle gedagtes dra energie. Die gedagtes wat emosionele, psigologiese en geestelike energie dra, produseer biologiese response, wat in die mens se sellulêre geheue gestoor word. Op hierdie manier word ons biografie daagliks in ons biologiese sisteem ingeweeft.

Caroline vertel die verhaal van 'n tandarts wat sy moes evalueer, en aan wie sy *biology becomes biography* moes verduidelik. Hy het nie goed gevoel nie, en het gou uitgeput geraak. Daar was 'n akute pyn aan die regterkant van sy maag, en hy was baie depressief.

Wanneer moegheid en uitputting intree, dui dit normaalweg op iets wat met die menslike liggaam verkeerd gegaan het. Dit word gewoonlik nie as 'n siektetoestand beskou nie, omdat dit 'n pynlose toestand is. Wanneer die toestand egter bly voortduur, selfs al kry die pasiënt voldoende slaap, wil die liggaam eintlik die boodskap kommunikeer dat daar 'n fout in die energievlakke van die liggaam ingetree het. Dit kan ook die begin van 'n ander siektetoestand wees.

Kroniese depressie is ook die voorloper van 'n fisieke siektetoestand. Volgens Caroline is depressie die verlies aan energie, sonder dat die persoon daarvan bewus is. Dit is soos wanneer 'n mens se beursie vol geld is, jy dit oopmaak en sê: "Ek gee nie om wat met my geld gebeur, of wie dit bestee nie". As 'n mens nie omgee wat met die geld in die beursie gebeur nie, sal jy vinnig bankrot raak. Net so is dit ook met lewensenergie. Sonder energie kan die mens se gesondheid nie in stand gehou word nie.

Caroline het die tandarts geëvalueer en besef dat hy besig was om pankreaskanker te ontwikkel. Die toetse het dit egter nie aangetoon nie. Die tandarts was nie baie gelukkig in sy professie nie, en wou graag van werk verander, maar het nie die moed gehad nie. Hy was onseker oor hoe hy vir sy afhanklikes sou sorg, en het derhalwe in sy professie aangebly. Die tandarts het sy verantwoordelikheid belangriker as sy eie belang geag. Hy kon nie insien dat hy die lewe ook vir homself aangenaam moes maak nie. Twee weke later is daar weer toetse uitgevoer, en pankreaskanker is gediagnoseer. Vier maande later is hy oorlede.

“It sometimes takes a concerted effort to shift your mind to allow yourself to heal” (Myss, 1996:42).

Terwyl die tandarts nie kon insien dat sy werksituasie sy liggaam beïnvloed het nie, kon Caroline dit raaksien. Om te aanvaar dat jou fisiese geskiedenis, verhoudings of gesindheid jou biologiese samestelling beïnvloed, is deel van die genesingsproses. Siekte ontstaan gewoonlik nie as gevolg van ‘n doelbewuste keuse om siek te word nie, maar as gevolg van ‘n opeenvolging van gebeurtenisse, patrone en gesindhede. ‘n Negatiewe biografie hoef nie noodwendig mense siek te maak nie. Mense raak siek wanneer negatiewe gesindhede dominant word. Die mens se passiwiteit oor ‘n negatiewe biografie, bevorder die ontwikkeling van siekte.

3.2.4.2 *Personal power is necessary for health.*

“Power is at the root of the human experience. Our attitudes and belief patterns, whether positive or negative, are all extensions of how we define, use, or do not use power. Not one of us is free from power issues (Myss, 1996:45).

Dit is belangrik dat individue die waarheid moet raaksien, en moet erken op watter wyse hul by die konstruering van hul eie siekte betrokke is. Die mens se verhoudings met ander mense, is ook baie belangrik. Mag kom in verskeie vorme in ons daaglikse lewe voor, byvoorbeeld in die strewe na geld, ‘n werk, ‘n spel of wedstryd, beheer oor ander mense, ‘n geliefde, ‘n kind, of in watter vorm ookal. Dit verteenwoordig iets in ons lewe wat ons bemagtig, of mag gee. Mense met gevoelens van magteloosheid, sal kompenseer, en iets soek waaroor hulle beheer kan uitoefen. Wanneer iets wat mag verteenwoordig, verloor word, tree siekte gewoonlik in. Ons gesindheid ten opsigte van mag, is die grondslag van ons gesondheid.

Mag beweeg tussen ons eksterne en interne wêrelde, en kommunikeer in 'n taal van mites en simbole. Geld is een van die bekendste magsimbole. As 'n mens geld as 'n magsimbool internaliseer, word dit die beheermeganisme van jou gesondheid. Wanneer jy geld kry, sal die biologiese sisteem boodskappe ontvang dat daar mag in die liggaam teenwoordig is. Hierdie gedagte sal die onbewuste boodskap oordra dat die persoon geld het, en daarom 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit verskaf. Hierdie positiewe boodskap in die biologiese sisteem genereer gesondheid. Natuurlik waarborg geld nie die mens se gesondheid nie, maar armoede bring magteloosheid, wat siekte onvermydelik maak.

'n Man was 'n baie suksesvolle besigheidsman, en sy besigheid was winsgewend, en het gegroei. Die man het die energie van tien mense gehad, en kon tot laat in die aand werk. Hy was elke oggend vroeg wakker, en was in beheer van alles by die werk. In Oktober 1987 het die aandelemark in duie gestort, so ook sy besigheid. Binne maande het sy gesondheid agteruitgegaan. Hy het migraine begin kry, toe laerugpyn, en uiteindelik ernstige probleme in sy buik. Skielik kon hy nie meer laat werk nie, en moes ook sosiale byeenkomste afstel, omdat hy al sy energie gebruik het om sy finansiële koninkryk te red. Die man was onbewus daarvan dat hy sy gesondheid met geldmaak gekalibreer het. Eers toe hy begin siek word, het hy dit besef. Hy het besef dat geld vir hom vryheid en 'n gemaklike lewenswyse beteken het. Toe hy sy geld verloor het, het hy daarmee ook sy mag verloor. Binne weke het sy biologiese sisteem ook in duie gestort.

Natuurlik sal so 'n gebeurtenis baie energie uit 'n mens neem, maar toe die besigheid net begin het, het die man baie energie nodig gehad, om die besigheid op te bou. Die stres om die besigheid op te bou, het energie verskaf, en nie energie weggeneem soos toe die besigheid in duie gestort het nie.

Elke mens het magsimbole wat in ons biologiese sisteem verteenwoordig word. Ons lewe word rondom magsimbole soos geld, beheer, posisie, skoonheid of sekuriteit gekonstrueer. Die mense wat in ons lewe betrokke is, en die keuses wat ons maak, gee uitdrukking aan ons persoonlike mag. Om die simboliese taal van mag te verstaan, sal beteken dat die dinamiek van mag in onself en in ander geëvalueer moet word.

Hoewel iemand verbaal en in die openbaar met iets kan saamstem, maar intern daarvan verskil, sal die energiesisteem van so 'n persoon die waarheid bekend maak. Die biologiese en geestelike sisteem van die mens wil altyd die waarheid bekend maak, daarom moet 'n mens bewus word van die faktore wat mag gee, of dit wegneem. Genesing van enige siekte word deur die identifisering van gegewe magsimbole gefasiliteer, asook deur die simboliese en fisiese verhoudings met die simbole, en die inagneming van die boodskappe wat die biologiese sisteem daarvoor stuur.

3.2.4.3 You alone can heal yourself

“Energy medicine is a holistic philosophy that teaches: I am responsible for the creation of my health. I therefore participated, at some level, in the creation of this illness. I can participate in the healing of this illness by healing myself, which means simultaneously healing my emotional, psychological, physical and spiritual being” (Myss, 1996:47).

Heling en behandeling is nie dieselfde gebeurtenis nie. Behandeling vind plaas wanneer daar sukselsvol beheer oor 'n fisiese afwyking of siekte geneem word, en wanneer die beheer nie aan die siek persoon gegee word nie. Die siekte kan dalk vir 'n sekere tyd beheer word, maar die kans is goed dat dit elders weer sal opduik. Wanneer 'n siek persoon behandel word, is hy of sy passief. Die beheer word aan die een oorgegee wat behandeling voorskryf en

toepas. Heling daarenteen is 'n aktiewe, interne proses wat selfondersoek oor gesindhede, herinneringe en geloofstelsels insluit, en wat 'n mens keer om negatiewe patrone te breek, en wat keer dat 'n mens heeltemal gesond word. Die interne ondersoek gee aanleiding tot die eksterne ondersoek, en poog om die eksterne omgewing te verander. Daarmee kan die individu dan op grond van 'n keuse die eksterne omgewing verander.

Alternatiewe terapie staan in kontras met die mediese model. By die mediese model maak die dokter die diagnose, en skryf die behandeling voor. Die dokter neem beheer oor die behandeling, en die pasiënt is passief. In kontras daarmee moet die pasiënt by 'n holistiese terapie ten volle verantwoordelikheid vir eie genesing, en die sukses daarvan, neem.

Holistiese terapie neem twee standpunte oor heling in, naamlik 'n aktiewe en 'n passiewe beskouing. Die chemiese behandeling van die huidige mediese instansies vereis geen aktiewe deelname van die pasiënt om heling te fasiliteer nie. Die pille of die operasie doen die meeste van die werk. By holistiese terapie moet die persoon ten volle, en aktief deelneem, byvoorbeeld deur 'n aktiwiteit soos visualisering. Passiewe deelname genees nie siekte nie, en hoewel daar 'n mate van genesing kan plaasvind, is hierdie genesing nie ten volle nie.

3.2.5 Wat het ek gehoor?

- Caroline Myss se verhaal bied nie 'n verstaan van wie God is, en wat God doen nie.
- Heling het met die verstaan van energie te make.
- Die biografie van die mens setel in die biologie van die mens.
- Bemagtiging is nodig vir gesondwees.
- Die mens is self verantwoordelik vir sy genesing.
- Siek mense moet beheer oor hulle siektetoestande neem.
- Hierdie verhaal staan teenoor die mediese model.

3.3 Die verhaal van Arthur Janov (1990)

3.3.1 Waarom ek die verhaal insluit

Ek sluit die verhaal in, omdat die gesprek vanuit hoofstuk twee daarop aandring om in gesprek met hierdie bronne te tree. Hierdie verhaal sluit by die vorige verhaal aan, maar daar is aksentverskille. Die storie van JOS (2002) oor spontane heling ondersteun die verhaal van Janov (1990). Dit is egter meer omvattend, en daarom vertel ek die storie van Janov.

3.3.2 Die verhaal

“Some years ago I heard something that was going to change the course of my professional life and the lives of my patients. What I heard was an eerie scream welling up from the depths of a young man lying on the floor during a therapy session. I can liken it only to what one might hear from a person about to be murdered. The scream that I described twenty years ago is the product of some unconscious, universal, intangible wounds that most of us carry around and which never seem to heal... That scream has led me on a search for its sources, and that in turn has brought me into the depths of the unconscious. It has inspired individuals from thirty countries to come to my therapy, and given me a broader perspective on humanity“ (Janov 1990:xvii).

Die terapie van Arthur Janov staan as *Primal Therapy* bekend. Die hoofdoel van die terapie is om mense in staat te stel om hulle slegte gebeurtenisse te herleef, want deur die herbelewenis kom daar genesing. Volgens Janov leef die meeste mense in leuens. Daarmee word bedoel dat die mens nie bewus is van die uitwerking wat negatiewe gebeurtenisse op hul hielie het. Die verhaal handel nie net oor terapie nie, maar oor die toestand van die

mensdom. Dit help elke mens om die normale te ontdek. Wat normaal is, verskil egter van persoon tot persoon.

Die verhaal gaan oor huil, en die rol daarvan tydens terapie, asook die genesing wat dit bewerk. Dit handel ook oor vrees, depressie, hooploosheid, hoop, en die stille kreet wat as siekte bekend staan. Dit wil ook iets van die gebroke mens in al sy fasette vertel. Die meeste menslike siektes en afwykings word in die vroeë lewensjare gevorm. Janov noem dit *Primal Pains*. 'n Gebrek aan liefde is die hooforsaak van mense se siekte. Wanneer 'n kind besef dat hy nie liefde kry nie, word die slegte ervarings geberg of onderdruk. Elke kind het sekere behoeftes, en wanneer hierdie behoeftes oor 'n lang tydperk geïgnoreer word, veroorsaak dit *primal pain*. Dit sluit die onvervulde behoefte aan liefde in. Die enigste uitweg wat die kind het, is om die emosies te onderdruk.

Primal Therapy help mense om na die onsmaklike gebeurtenisse wat siekte veroorsaak, terug te keer, en dit te herbeleef. Die herbelewenis bring genesing. Janov verduidelik ook die onderdrukingsstelsel van die mens, wat daarvoor verantwoordelik is om alle pyn en seer te onderdruk. Soms kan die liggaam nie meer al die pyn onderdruk nie, en dan skakel dit oor in siekte. Na afloop van *Primal Therapy* kan daar 'n verandering in die breinstruktuur, bloeddruk, harttempo en hormone waargeneem word. Die belangrikste verandering wat waargeneem kan word, is die verandering van die immuunstelsel.

Janov (1990:xxiii) som die vier belangrike beginsels van sy werk soos volg op:

- 1 *Pain is at the core of mental and physical illness – pain that comes from trauma and unmet needs.*
- 2 *There are three distinct levels of consciousness dealing with this pain.*
- 3 *Early traumas leave a permanent imprint on the system.*

- 4 *It is possible to relive these imprinted memories and resolve neurosis and physical disease.*

Janov se verhaal handel oor hierdie vier beginsels en hoe dit verder ontwikkel het. Een van die sleutelbegrippe in sy werk, lê klem op die rol van die onbewuste. *Primal Therapy* werk nie volgens die gewone psigoterapeutiese reëls nie. Die emosies en gevoelens bepaal hoe lank die sessie sal duur. Die mag is nie in die terapeut se hande nie. Die pasiënt weet meer van hom- of haarself as die terapeut. Die terapeut deel ook nie wyse insigte nie, omdat die beheer in die hande en die lewensverhaal van die pasiënt is.

3.3.3 Waarom ons siek word - basiese menslike behoeftes

Die wêreld waarin ons leef, is een waarin elke mens vir homself moet veg. Janov wonder hoeveel ouers weet wat hul kinders se werklike behoeftes is. Elke mens word met 'n magdom behoeftes gebore. Die mens is geprogrammeer om sekere behoeftes te hê.

Die eerste behoefte van elke mens, is oorlewing, met ander woorde, 'n behoefte aan kos, versorging en sekuriteit. Later ontwikkel emosionele behoeftes, byvoorbeeld behoeftes aan aanvaarding en respek. Die rol wat liefde speel, is baie belangrik. Liefde is die bousteen wat hierdie behoeftes vervul. Elke mens het liefde nodig om te ontwikkel. Liefde lê nie net in woorde opgesluit nie, maar in die begrip en vervulling van iemand se behoeftes.

Wanneer die basiese behoeftes van die mens nie vervul word nie, skakel dit oor in emosionele pyn. Ons is gewoond aan fisieke pyn, maar emosionele seer is ook 'n realiteit. Wanneer emosionele behoeftes onvervuld gelaat word, ontstaan daar liggaamlike ongemak, vrees, hoofpyne, maagpyn en angstigheid. Emosionele pyn se oorsprong lê hoofsaaklik in onvervulde behoeftes.

Primal pain is anders as die pyn wat ons beleef as ons byvoorbeeld ons vinger met 'n hamer raakslaan. *Primal pain* is so intens dat die liggaam dit onmiddellik onderdruk. “*The great wonder is how it is that such a gigantic amount of pain can reside compressed in our bodies without our being aware of it*” (Janov, 1990:21). Janov noem dit die *primal pool of pain*. Dit is waar al die verskillende emosies en onderdrukte ervarings geberg word.

Janov meld dat selle geheue het, en ook inligting kan berg. Hierdie poel moet op die een of ander stadium leeggemaak word, anders loop dit oor. Dit is gewoonlik wanneer dit oorloop, dat mense hulp begin soek, of sigarette, drank of selfmoord oorweeg. Die enigste manier om die poel leeg te maak, is om die gebergde gewaarwordinge stukkie vir stukkie te herbeleef. Herbelewing is om die emosie te voel soos dit is. Om net insig in 'n gebeurtenis te kry, bring nie genesing nie.

3.3.4 Onderdrukking

Die meganisme waardeur pyn onderdruk word, noem Janov *gating*. *Gating* is die proses waardeur pyn onderdruk word, sodra dit na die oppervlak wil kom. Dit beteken dat die brein deur 'n elektrochemiese proses die oordrag van inligting by sekere senuweeselle en hul konneksiepunte inhibeer. Die blokkeringsstelsel werk in die hele brein, maar veral in dié areas waar die pyn reaksies moet organiseer. Die uitdrukking *to lost touch with reality* beskryf *gating* die beste. Gevoelens word inderwaarheid van die denke weggekeer, wat verhoed dat emosies op impulse reageer. Wanneer 'n rugbyspeler 'n besering tydens 'n wedstryd opdoen, kan hy dalk na die wedstryd uitvind dat daar beentjies gebreek is. Hy was nie van die breuk bewus nie, omdat hy op 'n ander vlak van bewustheid gefunksioneer het.

Waarom word die verlede geberg, en waarom wil die onbewuste dit van nature onderdruk? In elke mens se verlede lê die sleutel van die toekoms. Al

die inligting word geberg, omdat dit later weer na die oppervlak sal kom om geïntegreer te word. Traumas wat beleef word, verdwyn nie uit die sisteem nie, maar word geberg, totdat die persoon ouer en sterker is om dit te hanteer. Die gebergde inligting kan 'n eenmalige gebeurtenis, of 'n opeenvolging van verskeie gebeurtenisse wees. Die gebeurtenisse kan 'n klomp klein traumatjies wees, wat later in 'n tema ontwikkel.

3.3.5 Wat het ek gehoor?

- Deur die herbelewing van slegte ervarings, kom daar genesing.
- Pyn wat uit trauma en onvervulde behoeftes voortspruit, veroorsaak fisiese siekte.
- Pyn wat onderdruk word, veroorsaak siekte.
- In die verlede lê die sleutel van die toekoms.
- Heling is 'n realiteit wat as deel van spontane heling ervaar kan word.

3.4 'n Onderhoud met 'n kundige - 'n getuienis oor fisieke en emosionele siektes en genesing

3.4.1 Waarom ek die verhaal insluit

Anderson (2001:324) stel voor dat 'n teoretiese bespreking in gesprek gebring moet word met diegene wat in die bediening staan, om teologie sodoende beter te definieer. As deel van die metode, sluit ek die verhaal van ds. Kobie in. Dit is 'n fiktiewe naam. Hy het 'n rykdom ervaring en kennis van siekte en fisiese genesing binne kulture van Afrika, Hindoe, Moslem en Christendom. Ek dink hierdie stem moet as deel van die verstaan van heling, gehoor word.

3.4.2 Agtergrond

Ds. Kobie is tans 'n *emeritus*-leraar en geniet 'n kwaliteit lewe in 'n pragtige kUSDorp. Ds. Kobie is in 1956 in sy eerste gemeente, in Kaapstad, bevestig. Vanaf 1960 was hy 'n sendeling onder die Moslems en die Hindoes in die Kaapprovinsie. Hy het later 'n beroep na Durban aanvaar. Ook daar was hy onder die Hindoes en Moslems werksaam. Daarna het hy na Hendrina verhuis, waar hy die volgende 4½ jaar in die bediening was. Hy het sy laaste beroep na die Dutch Reformed Indian Church, tans die Reformed Church in Africa, in Kaapstad aanvaar.

Dit was 'n heerlike sonskynoggend in ds. Kobie se studeerkamer, en ons het 'n pragtige uitsig op die see gehad. Ds. Kobie het ingestem dat ons sy getuienis in die navorsing kon gebruik, en ek het belowe om 'n afskif van die onderhoud aan hom te gee, sodat hy kon seker maak dat die inhoud daarvan korrek was.

3.4.3 Groenpunt 1961

Ds. Kobie se storie begin in 1961 in Groenpunt, Kaapstad, toe hy voor ongeveer 30 000 mense vir 'n dame gebid het, en sy wonderbaarlik genees is. Sy was tot haar afsterwe blakend gesond. Hierdie gebeurtenis het ingrypende gevolge vir ds. Kobie se lewe en bediening gehad.

Die byeenkoms was 'n openbare vergadering wat deur die Islamitiese Oosterse Studiegroep gereël is. Die doel daarvan was om 'n debat oor Jesus se kruisiging te voer. Ds. Kobie se opponent was 'n Moslem. Op daardie stadium was ds. Kobie werksaam onder die Moslems en Hindoes in die Kaapprovinsie. Ds. Kobie vertel hoe 'n boekie van dr. Andrew Murray 'n rukkie tevore vir hom die gedagte oor heling/genesing oopgemaak het, en dit bevestig het dat Jesus die geneesheer van krankes is.

'n Verdere invloed was (en is steeds) die teks in Jesaja 53, wat die profetiese woorde van Jesus bevat. In die teks word dit duidelik gestel dat daar genesing deur die wonde van Jesus kom. Hoewel die inhoud van hierdie tekste lank gelede geskryf is, beklemtoon dit wat God gedoen het, en dat genesing beskikbaar is, want God het dit moontlik gemaak. As Jesus dan ons siekte (krankheid) gedra het, hoef ons dit nie weer te dra nie. As ons dit nie vir God gee nie, dra ons dit self, en kan ons nie die genesing van die Here ervaar nie.

3.4.4 Helena

Tydens die debat in Groenpunt het ds. Kobie vir die skare gesê: "Jesus het uit die dood opgestaan, en daarom is Hy hier teenwoordig. Hy het opgestaan, en Hy lewe. Jesus is dus ook hier op Groenpunt teenwoordig". Toe het ds. Kobie 'n ope uitnodiging aan al die Moslems gerig om genesing te ontvang, omdat Jesus ook vir hulle gesterwe het. Net drie blankes het vorentoe gekom, onder wie Helena Witthuhn was. Sy het aan myxoedeem gely, wat deur 'n onderaktiewe skildklier veroorsaak is. Sy het moeilik geloop, en het 'n staalkorset gedra. Ds. Kobie het vir haar gebid, en sy het dadelik getuig dat sy beter gevoel het. Daarna het sy al haar medikasie gestaak, en kon sy weer ten volle in die samelewing funksioneer - sy was heeltemal gesond.

In 'n brief het sy later geskryf: "Ek voel nou soveel jare jonger, en vind weer vreugde in my werk". Uit dankbaarheid teenoor die Here vir haar genesing, het sy haar lewe in diens van die evangelie geplaas, en ten volle by die Moslem- en Hindoe- bediening in die Kaapprovinsie ingeskakel.

Baie mense het haar genesing bevraagteken, onder andere een van haar predikante. Sy het 'n persoonlike 'mediese sertifikaat' aan hom uitgereik, met die volgende bewoording: "Matteus 8:17: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra. Die beskermde Hande van God, is vir ons beskikbaar gestel

deur die deurboorde Hande van ons Verlosser, Jesus Christus. Hande wat oor die hele aarde strek, en wat bied hulle nie alles nie?" In 'n opvolgbrief aan die predikant, het sy geskryf:

"Ek het gehoor dat u nie glo dat ek waarlik gesond is nie. My siekte 'myxoedeem' was so ver gevorderd dat osteoporose ook ingetree het. Ek gaan nie oor die siekte skryf nie, net oor my genesing. Ten spyte daarvan dat ek duisende skildklierpille gedrink het, was daar altyd nuwe komplikasies. Ek was nie een nag sonder hoofpyn nie. Ek het elke aand vier pille gedrink, en in die nag 'n elektriese verwarmmer vir my nek gebruik. Ek moes ook 'n staalplaat vir my rug dra. Sedert 13 Augustus 1961 het ek nie weer die korset gedra nie, ook nie weer pille geneem nie, maar nog nooit weer hoofpyn gehad nie".

Een van haar seuns vertel die volgende storie: "Toe Mammie by die huis kom, het sy haar staalkorset uitgetrek." Haar jongste seun, wat op daardie stadium 'n mediese student was, was baie ontsteld hieroor, en het gesê: "Sy sal sommer dood neerslaan sonder die korset." "Die Here se werk was volmaak," skryf haar seun. "Selfs toe die X-strale later geneem is, het dit volkome genesing bevestig. Haar stem het teruggekeer, en sy kon selfs weer in die kerkkoor sing. Haar vel het ook genees, die koue gevoel het verdwyn, en sy was weer 'n energieke mens!"

3.4.5 Die gawes is teruggetrek!

Die gebeurtenis in Groenpunt was nog vars in almal se geheue, toe die vonke daaroor begin spat het. Ds. Kobie moes die volgende stellings uit die Gereformeerde kerkkringe hoor: "Wonders gebeur nie meer nie, die gawes van die Gees is teruggetrek!". Ds. Kobie kyk egter verder as die stellings, en sê: "Die wetenskap is 'n vloek, wanneer die mens God wetenskaplik probeer verstaan! Hoe kan iets soos die gawes van die Gees in die Skrif staan, en teoloë dan

beweer dat dit teruggetrek is?".

In hierdie tyd is ds. Kobie as ketter gebrandmerk. Hoe kon genesing plaasvind, as die gawes teruggetrek was? Tydens die Kaapse sinode van 1961 het die Moslem- en Hindoe-Sendingkommissie voorgestel dat ds. Kobie uit die amp geskors moes word. Op aanbeveling van 'n ouer leraar, het ds. Kobie 'n gravamen by die sinode ingehandig, waarin hy 'n uitspraak oor Goddelike genesing gevra het.

In 1963 moes ds. Kobie in opdrag van die Skriba van die Sinode, voor 'n raad van professore verskyn. Tydens die sitting is 'n dokument oor geloofsgenesing ter tafel gelê. Weer is die uitspraak gelewer dat die gawes van die Gees teruggetrek is, en ds. Kobie is onder kruisverhoor geneem. Twee keer het ds. Kobie die raad van professore daarop gewys dat hy net gedoen het wat die Skrif sê, en dat die fakulteit waar hy nou onder kruisverhoor is, hom juis geleer het om die Skrif so te verstaan. Hy het die vraag gevra: "Waar staan dit in die Skrif dat die gawes teruggetrek is?" Die vergadering kon nie daarop antwoord nie. Ds. Kobie se grootste verweer was: "Ek het 'n uitspraak oor Goddelike genesing gevra, en een oor geloofsgenesing gekry". Ds. Kobie is uitgevra oor sy begrip van Goddelike genesing, en die verskil tussen Goddelike en geloofsgenesing.

3.4.6 Goddelike genesing en geloofsgenesing

Ds. Kobie verstaan genesing vanuit God se Woord, en beskou genesing nie as iets wat deur die mens se geloof bewerk kan word nie. Ds. Kobie sê die volgende: "Geloof is die hande waarmee jy ontvang wat God gee. Geloof kan nie genesing bring, of bewerk nie, God doen dit." Ds. Kobie vertel dat hy van Genesis tot Openbaring deur die Bybel gelees het, om duidelik te hoor wat God oor genesing gesê het.

"Aan die begin het ek geglo dat ek die gawe van genesing ontvang het, totdat ek eendag vir 'n jong seuntjie moes bid, en hy onder my hande gesterf het, terwyl ek nog besig was om vir hom te bid! Toe het ek besef: Ek het nie die gawe van genesing nie!"

Ds. Kobie beskryf ook sy persoonlike worsteling om werklik te verstaan wat 1 Korintiërs 12 beteken. In die gedeelte staan geskrywe: "Die gawe is 'n werking van God, 'n bediening van Christus, en die Heilige Gees gee die gawe aan wie Hy wil, en wanneer Hy wil." Ds. Kobie sê: "Toe kom ek tot die gevolgtrekking dat die sieke die gawe van genesing nodig het, nie ek nie."

3.4.7 'n Bediening van heling

Ds. Kobie het baie pasiënte van die Groote Schuur- en Karel Bremer-hospitaal gespreek, veral mense met terminale kanker. "Ek het nooit mense genooi, of dienste gehou om mense gesond te maak nie. Die mense wat oor my pad gekom het, is deur die Here oor my pad gestuur!"

3.4.8 Stappe wat in ag geneem moet word by heling

- 1 Daar moet seker gemaak word dat die persoon 'n lewende verhouding met die Here het, en dat die persoon Jesus Christus as persoonlike Verlosser ken.
- 2 Die redes wat moontlik tot die siekte aanleiding kon gee, moet ondersoek word. As daar byvoorbeeld vertroebelde verhoudings is, moet vergifnis gevra en gegee word.
- 3 Die persoon moet weet wat God se Woord oor genesing leer. Indien die persoon nie weet nie, moet hy of sy geleer word wat in die Woord staan.
- 4 Die mens moet leer om **saam** met God te praat. In 1 Johannes 1 vind ds. Kobie 'n verduideliking hiervoor. "Ons moet ophou om met God te

twis (vers 8 en 10)". Met **saampraat** bedoel ds. Kobie dat mense hul sonde moet erken, en moet bely dat hulle gesondig het. Hulle moet aanvaar dat Jesus ons sonde vergeef, en al ons krankhede op Hom neem (Jes. 53:4,5; Matt. 8:17).

- 5 In Markus 16 word die laaste opdragte aan die dissipels gegee, en ds. Kobie beklemtoon die feit dat Christus aan die regterhand van God sit, en dat die Woord bevestig wat deur die profete gepredik is. In Jakobus 5 vind ons die opdrag dat die sieke die ouderlinge moet laat kom, en dat die sieke met olie gesalf en daar gelowig vir hom gebid moet word, en die Here sal gesond maak. Die gedeelte sluit met die belangrike vermaning af: "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar, en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word."

3.4.9 'n Vraag oor hoe ds. Kobie die rol van die kerk vandag sien

"Die kerk skram weg van die tema van genesing, en die rede hiervoor is dat die funksionering van die Heilige Gees nie meer ten volle Sy plek in die kerk vind nie. As die Heilige Gees nie meer die krag van God, wat in ons wat glo, werk nie (Ef 2), en nie deur ons laat werk nie, kan genesing nie plaasvind nie."

3.4.10 Die rol van die kerk in Afrika

"Die kerk kan nie by die verskillende geloofsdinge waarmee die mense van Afrika besig is, inskakel nie. Ons kan nie deel van die toordokters, voorvaderaanbidding, kruiedokters en sangomas word nie. Die kerk moet evangeliseer, en die mens van Afrika help om tussen God en die bose magte te onderskei. Hulle moet die reddende, verlossende en genesende krag van God, deur die werking van die Heilige Gees, ervaar."

3.4.11 Wat het ek gehoor?

- Die persoon was direk na gebed by genesing betrokke.
- Die genesing is deur die kerk bevraagteken.
- God laat steeds wonders plaasvind, maar wonders kan nie wetenskaplik verklaar word nie.
- Die persoon is deur die Sinode getug, en as ketter gebrandmerk, omdat hy vir mense gebid, en hulle gesond geword het.
- Die persoon stel dit dat daar in terme van Goddelike genesing, en nie geloofsgenesing nie, gedink moet word.
- 'n Lewende verhouding met God, en 'n belydenis dat Jesus die Here is, is nodig vir 'n gesprek oor genesing.
- Ondersoek moet na die moontlike oorsake van siekte ingestel word.
- Iemand wat genees wil word, moet weet wat God oor genesing leer, sy sonde bely, en erken dat Jesus vergewe en al ons krankhede op Hom neem.
- Daar moet vir mense gebid word.

3.5 Voedselaanvullers en kruie

3.5.1 Waarom ek die verhale kies

Die tema van spontane heling en voedselaanvullers is in hoofstuk twee, drie en vier aangeraak. Verdere insigte oor spontane heling word in Van der Merwe (1999), Shearer (1991); Holford (1997) en Clasen et al (1997) gevind.

3.5.1.1 Agtergrond

Dr. Arien van der Merwe is 'n algemene praktisyn, stresbeheerkonsultant, skrywer, gesondheidsredakteur, radio- en televisieaanbieder en

seminarspreker.

3.5.1.2 Haar verhaal

Daar is baie kroniese siektes in ons hedendaagse samelewing. Ondanks al die tegnologiese vooruitgang en navorsing, kan daar steeds min aan siektes soos kanker, allergieë, kroniese infeksies, cholesterol, artritis, diabetes en kroniese lugwegprobleme gedoen word. Die mediese wetenskap beperk wel baie ander siektes, red baie lewens en verleng mense se lewens, maar vir kroniese siektes is daar min verligting. “’n Ander, aanvullende (medewerkende) opsie is dringend noodsaaklik, veral in die lig van die stygende mediese koste, die nuwe-effekte van medisyne, weerstandigheid teen antibiotika wat epidemiese afmetings aanneem, en ontnugtering oor die toedrag van sake” (Van der Merwe, 1999:3). Mense met die volgende siektes besoek ‘n mediese praktyk:

- Beperkende infeksies, wat die liggaam self kan genees. Hierdie infeksies sal ‘n natuurlike verloop neem, en in die meeste gevalle sal balans en gesondheid terugkeer.
- Psigosomatiese simptome (liggaam-, verstand- en geestesiektes).
- Kroniese siektes soos artritis diabetes, psoriase, asma, brongitis en hipertensie.
- Akute siektes soos traumas, hartaanvalle, beroerte, kroep of meningitis. In hierdie gevalle red Westerse medisyne en ortodokse mediese praktisyns daagliks baie lewens. ‘n Mens wil beslis nie met kruie behandel word indien jy ‘n ernstige kopbesering opgedoen het nie.

Die eerste drie groepe siektes lei tot 85-95% van alle doktersbesoeke. Al hierdie pasiënte sou deur natuurlike middels, wat herstel in die sisteem bevorder, gehelp kon word. Ons begaan ‘n fout as ons dink dat die meeste mense in die laaste groep val. Die meeste mense kan vanself gesond word, indien die

volgende maatreëls getref word: 'n gesonde dieet, natuurlike hulpmiddels, soos aanvullers en kruie, en die hulp van 'n gesondheidsraadgewer, indien nodig. Navorsing toon toenemend dat lewenstylveranderinge die grootste aanpassing is wat ons moet maak om gesondheidsprobleme die hoof te bied. Die dieet moet baie vars voedselsoorte insluit.

Voedselaanvullers is noodsaaklik in ons hedendaagse lewensopset. Die grootste deel van Van der Merwe (1999) se boek fokus op hierdie onderwerp, omdat daar soveel onkunde, verwarring en onsekerheid daaroor bestaan. Geneeskragtige kruie is plante met genesende krag, wat die mens se gesondheid kan verbeter, en die liggaamsisteem tot doeltreffende funksionering kan teruglei. Stres is die grondliggende oorsaak van die meeste hedendaagse siektes. Gereelde oefening is nodig vir 'n gesonde liggaam en gees.

3.5.1.3 Wat het ek gehoor?

- 1 Die mediese wetenskap speel 'n belangrike rol in die behandeling van lewensbedreigende siektes en toestande.
- 2 Die mediese wetenskap het beperkinge wanneer dit by sekere siektes en toestande kom.
- 3 Daar is 'n behoefte aan 'n medewerkende opsie.
- 4 'n Groot persentasie mense wat dokters besoek, kan die siektes self behandel en genees.
- 5 Die menslike liggaam het die potensiaal om sekere siektetoestande self te genees.
- 6 Moontlike alternatiewe vir mediese behandeling is dieetaanpassing, voedselaanvullers en oefening.

4 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het oor die verstaan van pastoraat as metafoor wat die

totale mens insluit, gehandel. Pastoraat is ook wyer as die huidige teologie gesien, en is veral met alternatiewe verhale vervleg. In hoofstuk vyf word die navorsing opgesom, en daarop gereflekteer. Ek maak van 'n fokusgroep gebruik om met die refleksie op die navorsing te help, waarna ek selfrefleksie sal doen. Die fokusgroep bestaan uit iemand wat geen teologiese of terapeutiese agtergrond het nie, 'n predikant, 'n pastorale berader en 'n spelterapeut.